# Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders

Maritha Snyman


## Abstract

In this quantitative study the reading preferences and behaviour of Afrikaans-speaking children in South Africa were investigated. The study, funded by prominent publishers of Afrikaans children's books, paints a disturbing picture of the respondents' attitude towards reading, the availability of books and the extent of external reading motivation. It also provides valuable information about the reading preferences of the research group with regard to the use of language, the choice genres and specific text features.


## 1. Inleiding

Daar bestaan al lank 'n behoefte om die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanstalige kinders deeglik na te vors. Dit is vir uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke wat in 'n moeilike en veranderde mark moet oorleef en veel meer as vroeër moet fokus op die algemene mark, van groot belang om so noukeurig moontlik te kan bepaal watter soort publikasies positief deur hulle teikenlesers ervaar sal word. Inligting hieroor is egter net so belangrik vir alle volwassenes wat gemoeid is by die keuse van boeke vir kinders: voorskryfkomitees, biblioteekkeurders, onderwysers, ouers en andere.

So 'n omvattende en gestruktureerde studie oor die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanstalige kinders is nog nooit voorheen onderneem nie. Joubert (2002) doen wel navorsing oor die leesbehoeftes van Afrikaanse tieners, maar sluit nie daarby laerskoolkinders in nie. Machet *et al* publiseer ook in 2001 'n kwantitatiewe studie oor die leesvoorkeure en leesgedrag van Engelstalige kinders in Suid-Afrika. Die sluit egter nie Afrikaanstalige kinders in nie. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat dié bevindinge net so van toepassing op Afrikaanstalige kinders gemaak kan word nie. Volgens

Hierdie artikel is 'n verkorte weergawe van 'n gedeelte van 'n studie wat in opdrag van Nasboek en LAPA gedoen is en deur hulle gefinansier is.

uitgewers en boekhandelaars is daar beduidende verskille tussen leesbehoeftes van Afrikaanse en Engelse kinders.

Verder is daar kommer dat lees, ook by die Afrikaanstalige kind toenemend 'n bedreigde vaardigheid word. Die studie beoog ook om hierdie vermoede te bevestig of te weerlê.

## 2. Navorsingsprosedure

Omdat kwantitatiewe navorsing uiteraard beperkings het, is besluit om 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe werkswyse te kombineer ten einde die betroubaarheid en geldigheid van die resultate te verhoog. In hierdie artikel sal slegs verslag gedoen word van die kwantitatiewe navorsing.

Die studie fokus op kinders tussen die ouderdomme 9 en 15 jaar. Volgens die behoeftes van die uitgewers en soos ondersteun deur die literatuur (Ghesquiere 1992) is die respondente verdeel in drie ouderdomsgroepe, naamlik:

Groep A: 9 tot 10 jaar ( graad 4 en 5)
Groep B: 11 tot 12 jaar ( graad 6 en 7)
Groep C: 13 tot 15 jaar ( graad 8 en 9).

Dit is ook die ouderdomsgroepe van die ATKV se leeskompetisie. Omdat lesers van jonger as 8 jaar se leesmateriaal hoofsaaklik deur ouers en opvoeders bepaal word, is hulle nie in die studie betrek nie.

### 2.1 Vraelys

By die opstel van die vraelys is vraelyste oor soortgelyke studies bestudeer Matchet et al. (2001); Ghesquiere (1992); Haslett (2002) en aangepas om aan die behoeftes van die opdraggewende uitgewers en die Afrikaanse teikengroep te voldoen. Die opset van Ghesquiere (1992) se vraelys oor die leesgedrag en voorkeure van Vlaamse kinders het as basis gedien. Daar is op grond van Matchet et al (2001) se aanduiding dat 'n lang vraelys tot 'n hoë frekwensie onbeantwoorde vrae lei, besluit om die vraelys so kort as moontlik te hou. 'n Konsepvraelys is aan die opdraggewende uitgewers gestuur sodat hulle spesifieke behoeftes ook in die vraelys geïnkorporeer kon word. Hierna is die vraelys in 'n loodstudie getoets onder graad 5-leerders van die Laerskool Skuilkrans in Pretoria. Moeilik verstaanbare items is geherfraseer en sommige items is weggelaat of bygevoeg. 'n Kopie van die finale vraelys verskyn aan die einde van die artikel.

## 2.2 STEEKPROEFTREKKING

Die studie wou alle Afrikaanstalige kinders betrek. Skole sou die ooglopendste bron van die navorsingsbevolking wees. Dit was egter bykans onmoontlik om ’n statisties verteenwoordigende steekproef uit hierdie navorsingsbevolking te kies. Die volgende probleme is ondervind:

- Daar bestaan nie ’n lys van Afrikaanstalige leerders soos die lys van skoolgaande kinders in Ierland wat Haslett (2002) gebruik nie.
- As gevolg van die veranderde bevolkingsprofiel van Suid-Afrikaanse skole is dit moeilik om te bepaal waar groot konsentrasies Afrikaanse L1-leerders skoolgaan.
- In die skole wat homogeen Afrikaans is, is die Afrikaansleerders oor die algemeen nie verteenwoordigend van die Afrikaanstalige bevolking nie.
- Sommige skole het nie kans gesien om mee te doen aan die navorsing nie. Daar moes dus grootliks staatgemaak word op die vrywillige samewerking van skole.
- Daar was bepaalde finansiële en logistieke beperkings.

Binne hierdie beperkings is die keuse van skole deur die volgende in- en uitsluitingskriteira bepaal:

- Lokaliteit: Skole moes in plattelandse sowel as stedelike gebiede geleë wees en in soveel moontlik verskillende geografiese gebiede van Suid-Afrika.
- Geslag: Slegs skole waarin beide geslagte verteenwoordig is, is oorweeg.
- Ouderdom: Die ouderdomme van respondente het dit genoodsaak dat beide laer- en hoërskole by die navorsing betrek moes word.

Nadat die nodige toestemming vir die navorsing verkry is, is die volgende skole soos uiteengesit in Tabel 1 in die studie betrek.

Bepaalde leemtes ten opsigte van die steekproeftrekking het waarskynlik die resultate beïnvloed. Hoewel die verhouding bevoorregte en behoeftige Afrikaanstalige respondente nie gekwantifiseer is nie, reflekteer die keuse van respondente nie die werklikheid nie ten opsigte van die ekonomiese status van dié bevolkingsgroep nie. Die skole wat bereid was om deel te neem aan die navorsing is skole waarin daar reeds ’n bewustheid oor die waarde van lees bestaan. Albei hierdie faktore het waarskynlik tot gevolg dat die resultate ’n meer rooskleurige prentjie as die werklikheid skilder.

## 1.3 DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSING

Die data is tussen November 2004 en April 2005 versamel. Om die betroubaarheid van die navorsing te verseker, het die navorser persoonlik elke geselekteerde skool besoek. Die navorser het aan die respondente verduidelik

**TABEL 1**

Skole wat in die studie betrek is

| Laerskole | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Geografiese gebied** | **Stedelik** | | **Platteland** | |
| | **Skool** | **Stad** | **Skool** | **Dorp** |
| Wes-Kaap | Gene Louw | Somerset-Wes | Robertson | Robertson |
| Oos-Kaap | | | Pelrus[1] | Jeffreysbaai |
| Noord-Kaap | | | Seodin | Kuruman |
| Vrystaat | Willem Postma | Bloemfontein | | |
| Limpopo | | | Julian Muller | Groblersdal |
| Gauteng | Hennopspark | Pretoria | | |
| **Hoërskole** | | | | |
| **Geografiese gebied** | **Stedelik** | | **Platteland** | |
| | **Skool** | **Stad** | **Skool** | **Dorp** |
| Wes-Kaap | DF Malan | Somerset-Wes | Robertson | Robertson |
| Oos-Kaap | | | Pelrus | Jeffreysbaai |
| Noord-Kaap | | | Kalahari | Kuruman |
| Vrystaat | Sentraal | Bloemfontein | | |
| Limpopo | | | Ben Viljoen | Groblersdal |
| Gauteng | Uitsig | Pretoria | | |

wat die navorsing behels en dat dit gedoen word sodat uitgewers boeke kan publiseer wat in hulle smaak sal val. By die dubbel- en parallelmediumskole wat by die studie betrokke was, is daar duidelik en simpatiek aan die leerders en onderwysers verduidelik waarom daar slegs Afrikaanstalige kinders betrek word.

Daarna is alle leerders versoek om die kort kwantitatiewe vraelys in te vul. Die navorser het die vraelys stap vir stap met die respondente deurgegaan om seker te maak dat hulle die vrae so goed as moontlik verstaan. Hierin het die onderwysers ’n gewaardeerde ondersteunende rol gespeel. Die vraelyste is deur die navorser en onderwysers ingeneem. Daar was dus ’n 100 persent terugvoer van vraelyste wat ingevul is. Bederfde vraelyste was minimaal en nie statisties beduidend nie.

Alle aanwesige laerskoolleerders van graad 4 tot 7 en hoërskoolleerders van graad 9 en 10 in die geselekteerde skole het die vraelys voltooi: altesaam 3380

leerders tussen die ouderdom van 9 tot 16 jaar. Die 1 respondent wat 16 jaar oud was, is ingedeel in Groep C.

### 2.4 Samestelling van die respondente

Navorsingsgroep C (13–15 jaar) het 50 persent van die totale aantal respondente uitgemaak; navorsingsgroep A (9–10 jaar) 15.6 persent en navorsingsgroep B (11–12 jaar) 34.4 persent.

Daar was ’n redelike gelykopverspreiding tussen seuns en meisies: 62 persent meisies en 48 persent seuns.

Die oorgrote meerderheid van die respondente se huistaal (87%) is Afrikaans, 1 persent s’n Engels, terwyl 11 persent beide Afrikaans en Engels in die huis praat.

### 2.5 Ontleding van data

Die data wat deur die vraelyste versamel is, is statisties geanaliseer deur die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria. Die volgende veranderlikes is in die analise gebruik:

- Ouderdom: Groepe A: 9–10 jaar; B: 11– 2 jaar en C: 13–15 jaar
- Geslag: seuns en meisies
- Lokaliteit: stad en platteland.

## 3. Ontleding van data


In hierdie afdeling word die geanaliseerde data van die kwantitatiewe studie aangebied volgens kategorieë soos ingegee deur die vraelys. Die vraag waarop die bespreking berus, sal telkens aangehaal word.

### 3.1 Houding teenoor lees

Ten eerste is bepaal wat die respondente se houding teenoor lees as aktiwiteit is. Die kinders moes een van die volgende vier opsies kies: Ek hou baie/bietjie/min/glad nie van lees nie.


Soos in Figuur 1 aangedui word, is die houding van Afrikaanstalige respondente teenoor lees ontstellend negatief. Slegs 5 persent uit die totale aantal respondente dui aan dat hulle ‘baie’ van lees hou. Saam met die 11 persent wat ’n ‘bietjie’ van lees hou, het slegs 16 persent van die respondente ’n positiewe persepsie oor lees. Daar is dus 84 persent van die respondente wat ‘min’ en/of ‘glad nie’ van lees hou nie.

Die kurwe van hierdie figuur wyk af van ’n normale verspreidingskurwe.





Figuur 1
Houding teenoor lees

Daarvolgens behoort, wanneer 5 persent van die respondente 'baie' van lees hou, 5 persent glad nie van lees te hou nie. Agt-en-dertig persent van die respondente hou egter 'glad nie' van lees nie – 'n verskil van 33 persent. Wanneer die respondente se leeshouding volgens ouderdomsgroepe ontleed word soos in Figuur 2, blyk dit dat Groep A die minste aantal respondente het




| | Baie | Bietjie | Min | Glad nie |
|---|---|---|---|---|
| Groep A | 1.4 | 5.9 | 29.7 | 63 |
| Groep B | 4 | 7.6 | 48.1 | 40.3 |
| Groep C | 7.3 | 15.5 | 47 | 30.3 |

Figuur 2
Houding teenoor lees: ouderdomsgroepe





FIGUUR 3

HOUDING TEENOOR LEES: GESLAG

wat positief oor lees voel, naamlik 7.3 persent – waarskynlik omdat hulle nie so leesvaardig is soos die ouer respondente nie. By Groep B is daar 'n effense afwaartse kurwe tussen die respondente wat 'min' van lees hou en die wat 'glad nie' van lees hou nie. By Groep C is dieselfde tendens merkbaar, net in 'n groter mate. Seuns voel, volgens die data wat hier ingesamel is, meer positief oor lees as meisies (Figuur 3). Die resultate is teenstrydig met die algemeen aanvaarde aanname dat meisies meer van lees hou as seuns en is moeilik om te glo.

Daar is nouliks enige verskil in leeshouding tussen stedelike en plattelandse respondente (Figuur 4). Die grootste verskil is dat 6,4 persent meer van die respondente in die platteland 'glad nie' van lees hou nie.





FIGUUR 4

HOUDING TEENOOR LEES: LOKALITEIT

### 3.2 LEESFREKWENSIE

Die volgende vraag het ten doel gehad om te bepaal hoeveel boeke respondente lees en ook om die geldigheid van die resultate van data oor leeshouding te verifieer. Hulle moes een van die volgende opsies kies: Ek lees minder as een keer per maand/omtrent een keer per maand/ een keer in twee weke/een keer per week/meer as een keer per week 'n boek

Soos in Figuur 5 hier onder aangetoon word, lees 18.3 persent van die respondente 'meer as een boek per week', terwyl 13.2 persent 'een maal per week' 'n boek lees. Hierdie data is teenstrydig met die data oor leeshouding: Meer kinders lees as wat van boeke hou.




FIGUUR 5


LEESFREKWENSIE

Dit is moontlik dat die teenstrydigheid in die data veroorsaak kan word deur leerders wat dalk gedwing word (deur ouers/onderwysers) te lees, maar steeds nie daarvan hou nie. Dit kan ook wees dat die vraag 'Hou jy van lees?' 'n minder berekende, meer emosionele, (en daarom minder geloofwaardige?) respons tot gevolg gehad het. Die feit bly egter staan dat minder as 20 persent (een vyfde) van die totale groep respondente van lees hou of ten minste een maal per week 'n boek lees.

Bogenoemde aanname word ondersteun wanneer die data oor leesfrekwensie volgens ouderdomsgroepe beskou word. Dit blyk dat 44.8 persent van die respondente in Groep A aandui dat hulle meer as een boek per week lees, terwyl 7.3 persent aandui dat hulle 'baie' of 'bietjie' van lees hou. By Groep C korreleer die respondente se houding teenoor lees min of meer met die leesfrekwensie: 7.3 persent hou 'baie' van lees teenoor 8.8 persent wat meer

as een boek per week lees. Dit beteken moontlik dat ouer respondente die vraag beter verstaan het én beter kon bepaal wat hulle werklike leesfrekwensie is.

Daar is 'n veel kleiner verskil tussen die leesfrekwensie by seuns en meisies as wat algemeen aanvaar word (Figuur 6). Hoewel steeds teenstrydig met die bevindings oor leeshouding dui die bevindings oor leesfrekwensie ook daarop dat daar min verskil tussen seuns en meisies se houding teenoor lees is. Sewe persent meer seuns as meisies lees minder as een maal per maand 'n boek en slegs 3.4 persent meer meisies as seuns lees meer as een maal per week 'n boek. Die verskille is dus gering.





**Figuur 6**

Leesfrekwensie

Lokaliteit maak min verskil aan leesfrekwensie (Figuur 7). Vyf persent stedelike lesers lees minder as een maal per week 'n boek wanneer hulle vergelyk word met plattelandse lesers wat dieselfde leesfrekwensie handhaaf.

Wanneer die leesfrekwensie meer as een boek per week is, groepeer 24 persent van die plattelandse respondente teenoor 14 persent van die stedelike respondente in hierdie kategorie. Hierdie bevinding verskil weer eens van die bevindings ten opsigte van leeshouding waarin dit lyk asof stedelike respondente effens meer van lees hou as dié op die platteland. Dis baie moeilik om hierdie teenstrydigheid te verklaar. Die hoër leesfrekwensie van die plattelandse respondente in die kategorie "meer as een maal per week", kan waarskynlik toegeskryf word aan hulle milieu en vryetydsbesteding, maar hieroor sal meer inligting ingewin moet word.




FIGUUR 7


LEESFREKWENSIE: LOKALITEIT

### 3.3 TAALVOORKEUR

In hierdie afdeling wou bepaal in watter taal is die voorkeurleestaal van Afrikaanse kinders. Respondente moes een van die volgende opsies kies: Ek hou meer van Afrikaanse as Engelse boeke/Ek hou meer van Engelse as Afrikaanse boeke/Ek hou ewe veel van Afrikaanse en Engelse boeke.

'n Gemiddelde 41 persent van die respondente verkies Afrikaanse boeke en slegs 27 persent verkies Engelse boeke. Die wat ewe veel Afrikaans as Engels lees is, 32 persent.

Ten opsigte van ouderdom lyk die taalvoorkeur van die respondente soos volg:





FIGUUR 8

TAALVOORKEUR: OUDERDOM

By Groep A verkies die helfte van die respondente Afrikaans, 41 persent Afrikaans en Engels en slegs 8.6 persent Engels. Lees in die moedertaal is hier waarskynlik belangrik omdat hulle Engels nie goed kan verstaan en lees nie; hulle ouers grootliks hulle keuse van leesmateriaal bepaal en daar meer Afrikaanse boeke vir hierdie ouderdomsgroep beskikbaar is. Dat die taalvoorkeure van die respondente van Groep B redelik ooreenkom met dié van Groep A dui steeds op ’n aansienlike behoefte aan Afrikaanse leesstof. Die rede waarom die gewildheid van Engelse leesstof met byna die helfte hier toeneem, het waarskynlik te make met die groot verskeidenheid Engelse literatuur wat via die media en deur middel van verwante produkte soos speelgoed, ensovoorts, vir die Afrikaanse kind toeganglik word. Dat 41,9% van die respondente in Groep C slegs Engels verkies, is nie ’n verrassing nie, aangesien Afrikaanse leesstof vir die groep byna nie bestaan nie en nie kan kompeteer met die massa beskikbare Engelse literatuur nie. Daar kan ook waarskynlik afgelei word dat ouer respondente vaardiger is in hulle tweede taal. Dit is egter insiggewend dat meer respondente slegs Afrikaans lees (31.7%) teenoor die 26.4 persent wat Afrikaans en Engels lees.

Ten opsigte van geslag lees ewe veel meisies en seuns slegs Engels (Figuur 9). Meisies is getrouer lesers (46%) van Afrikaans as seuns (36.2%). Die rede hiervoor is nie duidelik nie. Dit mag dalk wees dat seuns eerder feiteboeke lees wat hoofsaaklik in Engels beskikbaar is. Dieselfde afleiding is waarskynlik die rede waarom seuns meer die opsies van Afrikaans en Engelse boeke gekies het as meisies.





FIGUUR 9

TAALVOORKEUR: GESLAG

Daar is aansienlike verskille tussen stedelike en plattelandse respondente

betreffende hulle taalvoorkeure (Figuur 10). Die groter prominensie van Engels in die stad is onmiskenbaar. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan omgewingsfaktore in die platteland soos minder blootstelling aan Engels en 'n meer lokale verwysingsraamwerk.




| | Platteland | Stad |
|---|---|---|
| Afrikaans | 45.6 | 38.8 |
| Engels | 16 | 33.8 |
| Afrikaans en Engels | 38.5 | 27.4 |

Figuur 10

Taalvoorkeur: lokaliteit

## 3.4 Boekseleksie

In hierdie afdeling is gepoog om te bepaal watter faktore die respondente se keuse van boeke beïnvloed. Moontlike faktore is gegroepeer in

- die verskillende genres waaruit hulle kan kies;
- eksterne faktore hulle oorreed om bepaalde boeke te kies; en
- interne faktore wat hulle motiveer om 'n boek op te neem.


### 3.4.1 Boekseleksie: genrevoorkeur

Die lys genres wat as keuse aan die respondente aangebied is, is hoofsaaklik geskoei op die lyste wat in ander studies gebruik is (Ghesquiere 1992). Hierdie lys is aangepas na die loodstudie van die vraelys. So is die woord fantasie uit sie lys weggelaat omdat die respondente dit nie verstaan het nie. Dit het tydens die data-analise byvoorbeeld geblyk dat die genre beslis in die lys moes wees. Tydens die analise van die data het dit ook duidelik geword dat die betekenis van sommige terme anders verstaan is deur die respondente as wat die betekenis wat die navorser daaraan geheg het – ten spyte daarvan dat die terme persoonlik deur die navorser aan die respondente verduidelik is. Hierdie probleme sal in die loop van die bespreking wat volg uitgelig word. Die verwarring is egter in 'mate opgeklaar deur die analise van die boektitels en die kwalitatiewe data wat deel van die volledige verslag vorm.

**Respondente moes aandui of hulle baie, min of niks van die volgende genres hou nie:**

avontuurverhale, gedigte en versies, verhale oor misdadigers (speurverhale), strokiesverhale of 'comics', boeke oor die ou tyd, boeke oor die natuur, boeke oor ander lande, verhale oor vriendskap, wetenskapsfiksie (*science fiction*), liefdesverhale, skoolverhale, verhale oor probleme soos skeiding en dood (probleemverhale), boeke oor godsdiens, reeksboeke, feiteboeke,

Wanneer gemiddelde voorkeure van al die respondente bereken word lyk die verspreiding van die van genres waarvan hulle 'baie' hou soos volg:





FIGUUR 11

BOEKSELEKSIE: GENREVOORKEUR


Die meeste (65.3%) van die respondente hou baie van boeke oor godsdiens. Die ander vier genres wat deur meer as 50 persent van die respondente aangetoon word, is, in orde van voorkeur, avontuurverhale (57.6%), reeksboeke (55.6%), vriendskapsverhale (52.2%) en strokiesverhale (50.3%).

Beduidende statistiese verskille bestaan wanneer die genrevoorkeure van die verskillende ouderdomgroepe afsonderlik bekyk word. In Figuure 11 tot 13 word die genrevoorkeure van respondente volgens ouderdom aangetoon. Deur te verwys na hierdie Figuure sal die verskillende genres in volgorde van voorkeur soos aangedui in Figuur 10 bespreek word.




FIGUUR 12


GENREVOORKEUR: 9–10 JAAR




FIGUUR 13

GENREVOORKEUR: 11–12 JAAR

Die gewildheid van boeke oor godsdiens is waarskynlike toe te skryf aan 'n oorwegend Christelike opvoeding uit huis en skool uit. Die moontlikheid bestaan dat respondente, veral in die jonger ouderdomsgroep, so kies omdat hulle dink hulle behoort so te kies. Die term 'boeke oor godsdiens' soos wat dit in die vraelys verskyn het, in plaas van, byvoorbeeld, 'godsdiensverhale', kon moontlik die respondente laat dink het dat hierdie kategorie die Bybel, Bybeldagboeke, ensovoorts insluit.




**FIGUUR 14**

GENREVOORKEUR: 13–15 JAAR

Soos wat die kinders egter ouer word, verminder hulle voorkeur vir die genre. Hier speel toenemende onafhanklikheidswording sekerlik ’n rol en dui dit op ’n keuse weg van die tradisioneel aanvaarbare. Dis egter belangrik om daarop te let dat selfs in Groep C slegs 10 persent van die respondente ‘niks’ van hierdie genre hou nie.

Avontuurverhale is nie in een van die ouderdomsgroepe die gewildste genre nie, maar deurlopende gewild by al die ouderdomme. Dit is die genre wat in Groep C die tweede plek naas ‘Boeke oor godsdiens’ inneem en is ook die genre waarvan die minste respondente ‘niks’ hou nie. Dit mag wees dat verskillende ouderdomgroepe verskillende assosiasies met die genre het. Waarskynlik sou grillers, wat as afsonderlike genre behandel moes word, hieronder klassifiseer.

Hierdie studie bevestig ander uitsprake en navorsing ten opsigte van die gewildheid van reeksboeke by jonger lesers (Groepe A en B). Selfs in Groep C is dit die vierde gewildste genre.

Verhale oor vriende en vriendskap vertoon min of meer dieselfde patroon as avontuurverhale. Dit is ’n gewilde genre waarin die belangstelling stelselmatig afneem soos wat die respondente ouer word. Dit bly nietemin gewild onder die ouer respondente van Groep C.

Strokiesverhale is die laaste genre waarvan meer as 50 persent van die respondente ‘baie’ hou. Dit is hoofsaaklik die jonger Groep A wat die meeste van die genre hou. Dis egter te betwyfel of die bevindings hier verband hou met Afrikaanse strokiesverhale, omdat daar, met die uitsondering van die *Agent Snoet* en die *Kuifie*- vertalings, geen strokiesverhale in Afrikaans

voorkom nie. Dis waarskynlik ’n genre wat kinders hoofsaaklik in Engels lees. Dit kan ook wees dat hierdie gewildheid op die persepsie gegrond is dat strokiesprente lekker is om te lees.

Die belangrikste bevinding ten opsigte van speurverhale is dat dit naas boeke oor godsdiens en avontuur die genre is waarvan respondente in Groep 3 die derde meeste ‘baie’ van hou en waar die persentasie respondente in Groep 3 wat ‘niks’ daarvan hou, nie meer word nie, maar minder. Dit is ook die genre waarvan die meeste respondente konstant oor al die ouderdomsgroepe ‘baie’ hou.

Die aantal respondente in Groepe A tot C wat ‘niks’ van liefdesverhale hou nie, is hoog in vergelyking met die ander genres. Dis waarskynlik die manlike respondente wat nie van hierdie genre hou nie. Die gewildheid van liefdesverhale neem nie toe in Groep C nie, maar val tot die sesde gewildste genre waarvan die groep ‘baie’ hou. Die afleiding kan waarskynlik gemaak word dat meisies in Groep C wel graag liefdesverhale lees (vandaar die relatiewe gewildheid van dié tradisioneel geslagsgebonde genre), maar dat meer respondente in die groep speurverhale verkies.

Natuurverhale is naas boeke oor godsdiens die genre waarvan Groep A die meeste hou. Hierdie voorkeur neem vinnig af as die respondente 11–12 jaar oud is. Dit is slegs die sewende genre waarvan die groep ‘baie’ hou. Respondente in Groep C dui dit as die negende gewildste genre aan. Dit lyk dus of gewildheid van natuurverhale redelik beperk is tot die jongste groep respondente.

Volgens die bevindings hier is skoolverhale een van die minder gewilde genres. Aangesien reeksboeke en vriendskapsverhale, dikwels in ’n skoolmilieu afspeel, is hierdie bevinding vreemd. Dit kan moontlik verklaar word deur die gebruik van die term ‘skoolverhale’. Respondente heg waarskynlik ’n ander betekenis aan die woord as wat die bedoeling was. Die bevindings ten opsigte van hierdie kategorie kan dus nie as betroubaar bestempel word nie.

By Groep A plaas respondente verhale oor ander lande sewende – bo speurverhale, liefdesverhale en wetenskapsfiksie. Die belangstelling van jonger kinders in hierdie genre kom ooreen met hulle voorkeur vir natuurverhale en kan moontlik verklaar word deur hulle natuurlike nuuskierigheid op hierdie ouderdom. By die twee ouer groepe is daar egter min belangstelling in verhale oor ander lande.

By Afrikaanse kinders is wetenskapsfiksie ’n baie ongewilde genre. Gemiddeld 30 persent van al die respondente hou ‘min’ daarvan. Die wat ‘niks’ daarvan hou nie, neem toe met ouderdom. Die rede waarom respondente nie van boeke oor wetenskapfiksie hou nie, is moeilik om te

verklaar aangesien daar tog algemeen aangeneem word dat kinders graag na films in hierdie kategorie kyk (en Engelse boeke lees?). Die term is mag moontlik ’n probleem wees omdat respondente ‘sci-fi’ dalk nie vertaal as ‘wetenskapfiksie’ nie ten spyte van die navorser se verduideliking.


Die gewildheid van feiteboeke ten opsigte van ouderdom bly min of meer konstant, maar beperk.

By jonger respondente is probleemverhale ’n ongewilde genre. Groep C is die groep wat die positiefste oor hierdie genre is, maar meer respondente hou ‘niks’ daarvan nie as wat byvoorbeeld van ander ongewilde genres soos feiteboeke, gedigte en versies en natuurverhale hou. Dit lyk nietemin asof waardering vir hierdie tipe verhale tog toeneem met ouderdom. Daar is byna 30 persent van die respondente in al drie die ouderdomsgroepe wat van probleemverhale hou.

Historiese verhale word baie negatief deur al die respondente ervaar. Of dit iets te doen het met ’n oordosis verhale oor die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog of die huidige politieke klimaat sal interessant wees.

Gedigte en versies is redelik gewild onder die respondente van Groep A. Die gewildheid neem egter konsekwent af met ouderdom.

Die bevindings oor die voorkeure van die twee geslagte ten opsigte van genrevoorkeure is redelik voorspelbaar en word in Figuur 14 voorgestel.





**Figuur 15**

**Genrevoorkeur: geslag**

Seuns en meisies hou ewe veel van boeke oor godsdiens, maar meisies hou beduidend meer as seuns van vriendskapsverhale en verkies dit bo al die

ander genres. Meisies hou voorspelbaar meer as seuns van liefdesverhale, maar seuns hou byna net soveel as meisies van reeksboeke. Meisies hou byna net soveel as seuns, van avontuurverhale. Die ander minder gewilde genres wat eerder vroulike as manlike respondente aangetrek het, is skoolboeke, probleemverhale en gedigte/versies. Seuns hou daarenteen van avontuur-, speur- en strokiesverhale en daarna van reeksboeke. Seuns hou heelwat meer as meisies van wetenskapfiksie en bietjie meer as meisies van natuurverhale, historiese verhale, verhale oor ander lande en feiteboeke.

Ten opsigte van lokaliteit is daar, soos in Figuur 15 hieronder aangedui, min verskil tussen die voorkeure van respondente in die stad en platteland.




Figuur 16

Genrevoorkeur: lokaliteit

Die genre waar daar die grootste verskil tussen stedelike en plattelandse respondente aangetref word, is die natuurverhaal. Dit strook met die aanname wat vroeër gemaak is dat kinders waarskynlik gemakliker is met boeke wat by hulle eie milieu aanpas. Dit kan ook wees dat hulle milieu ’n bepaalde uitwerking op hulle belangstellingswêreld het. Hoe dit ook al sy, die verskil is nie beduidend nie. Die ander noemenswaardige verskil tussen die twee groepe is waarneembaar by boeke oor godsdiens wat meer gewild is in die platteland as stad. Die aanname kan waarskynlik gemaak word dat die platteland ’n meer behoudende en konserwatiewe kultuur as die stad het en dat kinders daar nie so blootgestel is aan ander invloede as in die stad nie.

### 3.4.2 Boekseleksie: motiveerders

Die volgende kategorie vrae het gepoog om te bepaal wat kinders motiveer om bepaalde boeke te selekteer as leesmateriaal. Daar word onderskeid getref tussen eksterne en interne motiveerders (Ghesquiere 1992:33).

*3.4.2.1 Boekseleksie: eksterne motiveerders*

Eksterne motiveerders sluit faktore in wat van buite af die kind aanspoor om ’n bepaalde boek te lees en is verdeel in die volgende drie groepe:

- Individue rondom die kind
- Instansies rondom die kind
- Kenmerke van die teks

Om te bepaal in watter mate individue rondom die kind hom/haar motiveer om te lees of bepaalde boeke te lees moes die respondente op aandui of hulle boeke baie, soms of nooit onder die volgende omstandighede lees: as my pa of ma dit vir my koop of gee/as die onderwyser in die klas daaroor praat/as my maats dit gelees het. Om te bepaal watter rol ouers (familie) en/of onderwysers speel om by kinders ’n liefde vir lees en stories aan te wakker, is die respondente ook gevra om die opsies altyd, soms of nooit aan te dui op die volgende twee vrae: Vertel, of lees jou onderwysers soms vir jou stories?/ Vertel, of lees iemand van jou familie soms vir jou stories?


Respondente moes in terme ander eksterne invloede (instansies rondom die kind) baie, soms of nooit aandui ten opsigte van die relevansie van die volgende scenarios: as ’n boek op televisie geadverteer word/as ek ’n boek dit moet lees vir skoolwerk.

Ten opsigte van tekskenmerke moes respondente dieselfde opsies uitoefen oor die volgende moontlike moontlikhede: as die tekeninge in die boek vir my mooi is/as

die boek lekker dun is/as die boek lekker dik is/as ek die logo op die boek herken/as ’n skrywer waarvan ek hou, dit geskryf het/as dit ’n baie mooi of interessante buiteblad het.


Die voorkoms van eksterne motiveerders volgens die drie ouderdomsgroepe word voorgestel in Figure 17 tot 19.

In Groep A is ouers die grootste motiveerders wanneer dit by respondente se leesgedrag kom. Daar is min verskille tussen die rol wat die onderwysers en maats speel nie. By al drie die groepe speel onderwysers, maats en ouers – in dié volgorde – ‘soms’ ’n rol. Die skool is ongetwyfeld die buite-instansie wat as die grootste motiveerder deur respondente aangedui word. Televisie is volgens die respondente se persepsies ’n beperkte motiveringsfaktor. In Groep A is die buiteblad, ten opsigte van tekskenmerke, die heel grootste faktor wat respondente sal laat besluit om ’n boek te lees. Verder sal hulle baie eerder ’n dik boek lees as ’n dun boek. Hierna is die skrywer, die logo, die illustrasies en die feit dat ’n boek dun, die faktore is wat hulle in die meeste gevalle ’n spesifieke boek sal laat kies.




FIGUUR 17


EKSTERNE MOTIVEERDERS: 9–10 JAAR




FIGUUR 18

EKSTERNE MOTIVEERDERS: 11–12 JAAR

In Groep B is die heel belangrikste faktor wat respondente 'baie' 'n boek laat kies, die skool. Hulle lees dus omdat hulle moet. Leesplesier ontbreek waarskynlik. Hiernaas volg die buiteblad en daarna die ouers as tweede en derde belangrikste motiveerders. In Groep B neem maats by ouers die rol oor as die groep individue wat die respondente se keuse van boeke motiveer.




FIGUUR 19

EKSTERNE MOTIVEERDERS: 13–15 JAAR


Onderwysers is hier steeds die heel onbelangrikste groep. Dit kan gesien word as na al drie die kategorieë 'nooit' 'baie' en 'soms' gekyk word. Ten opsigte van tekskenmerke is die buiteblad verreweg die grootste motiveerder. Al die ander faktore speel ongeveer 'n gelyke rol, behalwe die logo waaraan min kinders hulle steur. Hierdie ouderdomsgroep dui ook nie die groot voorkeur vir dik boeke bo dun boeke aan nie.

In Groep C is die individue wat respondente die meeste beïnvloed, hulle maats en daarna hulle ouers en onderwysers. Ouers motiveer hulle egter 'soms' die meeste. Die rol van onderwysers is heelwat kleiner as na al drie die ander faktore gekyk word. Ten opsigte van instansies beïnvloed die skool hulle die meeste maar die televisie beïnvloed hulle 'soms' die meeste. Respondente dui aan dat hulle eerder 'n boek met 'n aantreklike omslag sal lees as een wat hulle in die skool aangesê word om te lees. Die skrywer sal ook hulle keuse beïnvloed. Illustrasies neem hier – soos te wagte – die heel laaste plek in en hulle lees eerder dun boeke as dik boeke. Die feit dat die logo hulle 'soms' beïnvloed sal waarskynlik geïnterpreteer kan word dat hulle boeke van 'n bepaalde uitgewer sal kies as hulle die logo ken en herken.

Die analise van data soos vervat in Figuur 19 dui aan dat minder as 40 persent van die respondente se familie betrokke is by die aanwakker van 'n liefde vir lees. Daarenteen dui slegs 15 persent van die respondente dui aan dat onderwysers 'altyd' vir hulle stories lees.

### *3.4.2.2 Boekseleksie: interne motiveerders*

Interne faktore hou verband met die kind self. Dit verwys na persoonlike fak-





FIGUUR 20

LEES VAN STORIES

tore wat die kind beweeg om 'n boek te lees. Die faktore wat in hierdie studie ondersoek is, sluit in verveeldheid, toeval en 'n soeke na probleemoplossing.


Om te probeer bepaal op grond waarvan respondente self boeke kies moes aandui of die volgende stellings nooit, soms of baie op hulle van toepassing is: Ek kies 'n boek as ek dit toevallig in die hande gekry het/as ek verveeld is/ as ek 'n oplossing soek vir probleme wat ek het. Dit is jammer dat die moontlikheid dat kinders boeke kies omdat hulle graag wil lees, nie hier ingesluit is nie.

Die interne motiveerders volgens ouderdom word hiernaas aangedui in Figure 21 tot 23.





FIGUUR 21

INTERNE MOTIVEERDERS: 9–10 JAAR




FIGUUR 22

INTERNE MOTIVEERDERS: 11–12 JAAR




FIGUUR 23

INTERNE MOTIVEERDERS: 13–15 JAAR

By Groep A is die heel belangrikste interne motiveerder verveeldheid. Byna ewe veel respondente lees 'soms' toevallig of weens verveeldheid 'n boek. Interessant is dit dat ongeveer 38 persent van die respondente aandui dat hulle 'soms' en 'baie' 'n boek lees wanneer hulle oplossings vir probleme soek.


Dis steeds verveeldheid wat die meeste respondente in Groep B 'baie'

motiveer om hulle toevlug tot ’n boek te neem, maar dit is toeval wat die meeste respondente ‘soms’ motiveer om te lees. Hulle gaan soek dus nie boeke nie nie eers as hulle verveeld is nie. (Daar is meer respondente in Groep B wat ‘nooit’ ’n boek sal kies as hulle verveeld is nie as in Groep A).

Heelwat meer respondente in Groep C kies ‘nooit’ boeke op grond van probleemoplossing nie. Effens minder dui aan dat hulle ‘nooit’ boeke lees omdat hulle dit toevallig in die hande kry nie, maar heelwat meer dui aan dat hulle ‘nooit’ boeke kies wanneer hulle verveeld is nie.

Wanneer daar vergelykenderwys na al die respondente gekyk word, neem die respondente wat ‘baie’ hulle toevlug na boeke sal neem as hulle verveeld is af met ouderdom. Amper die helfte van die respondente (49.3%) dui aan dat hulleˆsoms¤ toevallig ’n boek lees.

Ten opsigte van geslag is daar interessante verskille tussen die interne faktore wat seuns en meisies beïnvloed soos duidelik uit Figuur 23 hieronder blyk.




Figuur 24

Motiveerders: geslag

By beide seuns en meisies is lees vir skoolwerk die vernaamste eksterne motiveerder. Vir meisies is die buiteblad egter net so ’n belangrike motiveerder as die skool. Seuns dui as tweede belangrikste motiveerder hulle ouers aan. By meisies is ouers wel die derde grootste motiveerder maar heelwat minder belangrik as die buiteblad en skool. Mens kan waarskynlik hieruit aflei dat meisies meer selfstandig boeke kies as seuns. Vir seuns is

buiteblaaie egter steeds die derde belangrikste motiveerder. Ten opsigte van die dikte van boeke is meisies se aanduiding dat dikker boeke hulle eerder sal motiveer presies 'n spieëlbeeld van seuns se aanduiding dat hoe dunner die boek is, hoe groter die moontlikheid dat hulle dit sal kies. Die skrywer en maats is ook by meisies belangriker motiveerders as by seuns. Dit lyk asof boeke dus meer dikwels by meisies as by seuns die onderwerp van bespreking is.


Ten opsigte van interne motiveerders, is verveeldheid en toeval ewe sterk motiveerders by meisies, terwyl verveeldheid by seuns as die belangrikste interne motiveerder aangedui word, maar dan die helfte minder as by meisies. Probleemoplossing word by meisies en seuns as die swakste interne motiveerder aangedui.

Daar is min verskille tussen die faktore wat boekseleksie in stad en platteland beïnvloed. Die enigste motiveerder wat meer invloed in stedelike gebiede uitoefen is die skool. Ouers en die buiteblad is ten opsigte van individue en tekskenmerke respektiewelik, groter motiveerders in die platteland as in die stad.

### 2.4.3 Bron van boeke


Die volgende reeks vrae het probeer bepaal waar kinders die boeke kry wat hulle lees. Die respondente moes aandui of hulle baie, soms of nooit boeke bekom van die volgende bronne: die huis/die skool/as geskenke/koop van sakgeld/die biblioteek/leen ek by vriende en vriendinne.

In Figure 25 tot 27 word aangedui hoe die bron van boeke volgens ouderdom daar uitsien.





FIGUUR 25

BRON VAN BOEKE: 9–10 JAAR




FIGUUR 26

BRON VAN BOEKE: 11–12 JAAR




FIGUUR 27

BRON VAN BOEKE: 13–15 JAAR

By Groep A is die biblioteek steeds die grootse bron waar respondente 'baie' boeke kry. Hierna volg die huis en geskenke as tweede en derde belangrikste bronne. Die belangrike rol van die ouers by al drie hierdie veranderlikes spreek vanself. Die meeste respondente dui aan dat hulle 'nooit' self 'n boek koop of leen nie. Die skool en die huis is 'soms' die grootse bron van boeke.

Die bronne waar respondente in Groep A 'baie' boeke kry, neem by Groep B in alle gevalle af. Die skool is vir 18.2 persent van die respondente 'n swakker bron van boeke as in Groep A. Die rede hiervoor is nie duidelik nie. Hoewel die biblioteek steeds vir die meeste respondente die bron is waar hulle 'baie' boeke kry, neem dit ook af. Die enigste konstante faktor wat respondente aandui waar hulle 'baie' boeke kry is leen. In groep B koop al hoe minder respondente 'nooit' self boeke nie en groei die groep wat 'nooit' boeke by die skool kry nie. Die plek waar die meeste respondente 'soms' boeke kry, is by die skool en by die huis.

By Groep C gaan die tendense soos ten opsigte van Groep B beskryf voort. Meer respondente dui aan dat die huis en koop van boeke 'nooit' 'n bron van boeke is nie. Die huis en geskenke word ook deur minder respondente aangedui as 'n bron waar hulle 'baie' boeke kry. Die biblioteek bly steeds die bron waar die meeste respondente 'baie' boeke kry, maar neem af as algemene bron van boeke met 13.6 persent. Die huis bly steeds die belangrikste plek waar respondente 'soms' boeke in die hande kry.

Daar is geen verskil wat betref die veranderlikes geslag en lokaliteit ten opsigte van waar respondente boeke vandaan kry.

## 3.5 Leesvoorkeure

In hierdie afdeling is vrae gevra om te bepaal watter interne elemente in 'n boek kinders verkies. Die interne elemente kan in die volgende drie afdeling verdeel word:


- Aspekte van inhoud en styl
- Taalgebruik
- Aard van die hoofkarakter

### 3.5.1 Leesvoorkeure: teksinterne kenmerke

Eerstens word die teksinterne kenmerke wat verband hou met inhoud en styl bespreek word. In die eerste hierdie afdeling moes respondente hulle voorkeur vir interne stylkenmerke van boeke aandui. Hulle moes die opsies 'altyd', 'soms' of 'nooit' aandui by die volgende stellings: As ek 'n boek lees, hou ek daarvan as dit 'n ware verhaal is/die verhaal snaaks is/die verhaal goed geskryf is/die hoofkarakter self alles vertel/ek iets nuuts kan leer/die verhaal spannend is/die karakters is soos mense wat ek ken/die verhaal 'n gelukkige einde het/daar prente in is/daar soms woorde is wat ek nie verstaan nie/daar baie gebeur/die boek my bangmaak of laat stres/die verhaal ingewikkeld is/die boek my niks nuuts leer nie/die storie maklik verstaan/die titel duidelik sê waaroor die boek gaan.


In Figure 27 tot 29 word vergelykenderwyse gekyk na hoe respondente se

voorkeure ten opsigte van inhoud en styl verskil wanneer die ouderdom-groepe met mekaar vergelyk word.




FIGUUR 28


INHOUD EN SKRYFSTYL: 9–10 JAAR




FIGUUR 29

INHOUD EN SKRYFSTYL: 11–12 JAAR

Die vyf elemente wat respondente in die ouderdomsgroep 9–10 jaar die meeste 'baie' van hou, is humor (90%), baie gebeure (78%) 'n gelukkige einde (73%), bangmaak elemente (68%) en maklik verstaanbaar (67%). Die meeste respondente dui aan dat hulle 'nooit' 'n boek sal lees omdat hulle doel is om iets nuuts daaruit te leer nie, maar hulle hou nietemin daarvan om iets te




Figuur 30

Inhoud en skryfstyl: 13–15 jaar

leer in 'n boek. Hierdie groep respondente dui ook 'n voorkeur aan vir boeke wat goed geskryf is, spannend is, illustrasies in die teks het en waarvan die titels die inhoud van die boek getrou weerspieël.

Daar is weinig verskil tussen Groep A en B ten opsigte van die algemene tendense wat by Groep A geïdentifiseer is. Verskille lê daarin dat vir die respondente in Groep B ook boeke wat bang maak (71.8%) die gewildste is, maar dat dit feitlik gelyk gestel word aan 'n opeenstapeling van gebeure en humor (70%). Hulle hou ook van boeke wat goed geskryf is, maklik verstaanbaar is en spannend is. 'n Gelukkige einde is by hierdie groep minder belangrik as by Groep A. Hulle hou daarvan om iets nuuts in 'n boek te lees. Hulle hou marginaal meer van ingewikkelde boeke as respondente in Groep A maar dis baie laag op hulle lys. Hierdie groep lees ook hoofsaaklik vir ontspanning.

Die prominente posisie wat humor inneem by Groep C was nogal verrassend. 'n Opeenhoping van gebeure en goed geskryf is belangriker as bangmaak en spanning. Miskien 'n aanduiding dat kinders tog kwaliteit verkies. Hulle behoefte om iets nuuts in 'n boek te leer, is vir respondente in Groep C net so belangrik as in Groep B. Hulle hou steeds nie van ingewikkelde tekste nie. Uiteraard word die behoefte aan illustrasie in die teks minder, maar tog dui 'n kwart aan dat hulle 'baie' daarvan hou, amper net so veel as die wat aandui dat hulle 'nooit' daarvan hou nie. Die behoefte aan 'n gelukkige einde neem af by hierdie groep.

Ten opsigte van geslag is daar byna geen verskil tussen seuns en meisies se voorkeure oor die inhoud en styl van boeke nie. Die beduidendste verskil is

dat 'n gelukkige einde vir meisies veel belangriker is as vir seuns en dat seuns en meisies presies ewe veel van boeke hou wat hulle bang maak.

Weer eens is daar weinig verskille tussen die voorkeure van respondente in stedelike gebiede en in die platteland. Die grootste verskil lê by die illustrasies in tekste. Plattelandse respondente verkies dit meer as stedelike respondente.

### 3.5.2 Leesvoorkeure: taalgebruik

Hier is drie stellings verskaf waarop respondente ook die opsies 'altyd', 'soms' of 'nooit' moet kies. Die stellings was: Afrikaanse boeke moet in suiwer Afrikaans geskryf wees (sonder Engelse woorde)/In Afrikaanse boeke moet die taal wees soos ons praat/In Afrikaanse boeke kan daar vloekwoorde wees.

Die meeste respondente oor al drie die ouderdomsgroepe heen (63%) verkies dat praattaal 'altyd' in boeke gebruik word. Minder as 10 persent van die respondente verkies dat dit ˆnooit¤ gebruik word nie en net 30 persent verkies dat dit 'soms' gebruik word.

Ten opsigte van die gebruik van suiwer Afrikaans in boeke is daar 'n sterk tendens weg van die gebruik van suiwer Afrikaans soos wat die respondente ouer word: 42.6% in groep A, 28.2 persent in Groep B en 14.6 persent in Groep C verkies dit 'altyd'. Dit verteenwoordig 'n daling van 28 persentasiepunte. Insgelyks word die respondente wat 'nooit' suiwer Afrikaans verkies nie, meer soos hulle ouer word.

Ten opsigte van die gebruik van vloekwoorde gee 'n gemiddeld van 15 persent van alle respondente 'altyd' nie om dat daar vloekwoorde in boeke voorkom nie. Die groep respondente wat 'nooit' vloekwoorde goedkeur nie, is 61.1 persent van die respondente in Groep A, 58 persent van die respondente in 'n Groep B en 43.4 persent van die respondente in Groep C. Daar is dus 'n groter toleransie (16.3%) by Groep C vir vloekwoorde in boeke.

Seuns is effens meer verdraagsaam as meisies jeens vloekwoorde. Meisies verkies eerder as seuns dat boeke in praattaal geskryf moet word, terwyl die voorkeur oor suiwer Afrikaans by seuns net die teenoorgestelde is. Hierdie verskil is egter so klein dat dit onbeduidend is.

Lokaliteit het geen beduidende invloed op die voorkeure ten opsigte van taalgebruik in boeke nie.

### 3.5.3 Leesvoorkeure: hoofkarakter

In hierdie afdeling is gepoog om te bepaal watter tipe hoofkarakter die

respondente verkies in die boeke wat hulle lees. Hulle moes die opsies 'altyd', 'soms' of 'nooit' aandui ten opsigte van die volgende variasies van hoofkarakters: van dieselfde geslag as ek/deel van 'n groep maats/'n grootmens/'n dier/'n fantasiekarakter (iets wat nie regtig bestaan nie)/saam met grootmense.

Die verskillende ouderdomsgroepe stem nie saam oor die aard van hoofkarakters in boeke nie. Hoewel al drie ouderdomsgroep aangedui het dat hulle dit meesal 'altyd' verkies dat die hoofkarakter een van 'n groep maats moet wees, is hierdie voorkeur van minder belang soos wat die respondente ouer word. By al drie ouderdomgroepe is 'n hoofkarakter wat 'n fantasiekarakter is die tweede keuse wat 'altyd' aangedui is. Dis ook die keuse wat die meeste konstant gebly het in al drie ouderdomsgroepe. Die meeste respondente in groep C hou 'nooit' van diere as hoofkarakters nie, maar 42 persent hou wel 'soms' daarvan. Dis egter vir dié groepe die mins aanvaarbare soort hoofkarakter naas grootmense. By groep A is dit die derde gewildste tipe hoofkarakter – 50 persent van die respondente hou 'altyd', en net 12 persent, hou 'nooit' daarvan die. Die voorkeur vir diere-hoofkarakters is die grootste onder respondente in Groep A, dis nog aanvaarbaar vir respondente in groep B, maar is vir respondente in Groep C die onaanvaarbaarste. Vir die jonger ouderdomme is dit belangriker dat hoofkarakters van dieselfde geslag as die respondente self moet wees. Dit is vir respondente in Groep B die onaanvaarbaarste om oor hoofkarakters van die ander geslag te lees. Kinders en grootmense saam en grootmense alleen as hoofkarakters is nie gewild by die jonger twee groepe nie. Dis by albei twee groepe die faktor wat hulle die meeste 'nooit' van hou nie. Groep C hou egter 'soms' daarvan dat daar grootmense en kinders saam en grootmense alleen as hoofkarakters optree.

Daar is weinig verskille tussen die twee geslagte ten opsigte van voorkeure aangaande die hoofkarakter. Wat miskien net genoem kan word, is dat die 'maats-ding' vir meisies belangriker is as vir seuns en dat seuns eerder van dieselfde geslag lees as meisies en eerder grootmense en diere as hoofkarakters sal verkies.

Al verskil ten opsigte van lokaliteit is dat respondente op die platteland marginaal meer oop is vir 'n groter verskeidenheid hoofkarakters.

## 4. Bevindings

In hierdie afdeling word daar opsommenderwys slegs die belangrikste bevindinge soos afgelei uit die kwantitatiewe gedeelte van die studie weergegee. Meer omvattende bevindings is gemaak op grond van die drie datastelle wat in die totale navorsingsprojek gebruik kon word.

### 4.1 Leeshouding

Hoewel die negatiewe leeshouding van Afrikaanstalige kinders groter afmetings aanneem as wat aanvanklik vermoed is, lyk dit asof ouer respondente wat langer aan boeke blootgestel word, meer van lees begin hou. Dit kan egter ook wees dat die jonger ouderdomsgroepe bloot minder van lees hou en dat hulle waarskynlik nie so veel sal lees soos die respondente in Groep C van hierdie studie wanneer hulle dieselfde ouderdom bereik nie.

Moontlike oorsake vir die negatiewe houding teenoor lees, sluit in:

- Die onbetrokkenheid van ouers oor hulle kinders se leesbehoeftes
- Onderwysers wat nie genoeg stories lees nie
- Die gebrekkige beskikbaarheid van (nuwe en meer geskikte) boeke: tuis, by skole en by biblioteke.

### 4.2 Leesfrekwensie

Die bevindings oor leesfrekwensie ondersteun die bevindings oor leeshouding: lees is besonder laag op die meeste respondente se agenda. Dit lyk ook of mens nie goedsmoeds kan aanvaar dat meisies meer of eerder as seuns lees nie. Meisies lees ook nie meer as seuns nie.

### 4.3 Taalvoorkeur

Hierdie bevinding weerspreek ook die algemeen aanvaarde aanname dat Afrikaanstalige kinders eerder Engels lees. Daar is duidelik ’n groot behoefte aan Afrikaanse leesmateriaal by Afrikaanstalige kinders. Hoe ouer kinders word, hoe minder belangrik raak hulle moedertaal. Dit is meer so in platteland as in die stad.

#### 4.4.1 Boekseleksie: genrevoorkeure

Of die respondente se hoë preferensie vir boeke oor godsdiens ’n weerspieëling van hulle werklike voorkeur is en of hulle dit aangedui het omdat hulle voel hulle moet, kon nie deur die kwantitatiewe data bepaal word nie. Tog sou mens kon beweer dat gewildheid van Afrikaanse religieuse literatuur in die algemeen die bevinding ondersteun. Ouers koop waarskynlik graag vir kinders boeke met ’n godsdienstige strekking.

Die voorkeur vir avontuurverhale, reeksboeke en vriendskapsverhale strook met verwagtings. Die respondente het grillers waarskynlik as avontuurverhale geklassifiseer. Die afwesigheid van speurverhale in die voorkeurlys van genres wat deur meer as 50 persent van die respondente aangedui is, mag verband hou met die min blootstelling wat Afrikaanse kinders en volwassenes aan hierdie genre kry.

Respondente se lae behoefte aan verhale oor ander lande bevestig waarskynlik die aanname dat kinders meer gemaklik voel met verhale oor hulle eie konteks. Dit dui egter ook op 'n gebrek aan nuuskierigheid oor die vreemde dinge en kan die gevolg wees van die feit dat daar so min vertaalde boeke vir kinders verskyn wat van buite die Anglo-Saksiese wêreld kom.

Die feit dat wetenskapfiksie laag op die rangorde is, korreleer nie met opnames in ander lande nie (Haslett 2002). Jonger kinders se hoër preferensie vir feiteboeke kan moontlik aandui dat respondente in hierdie groep nuuskierig oor nuwighede is. Ouer respondente se voorkeur vir probleem-verhale is waarskynlik te wyte daaraan dat hulle in die ontwikkelingsfase is waarin hulle kognitief met probleme begin worstel.

Die bevinding dat gedigte en versies die heel ongewildste genre is, bevestig die verwydering tussen die jonger geslag en hierdie genre.

### 4.4.2 Boekseleksie: eksterne motiveerders

Die omslag is die verrreweg die belangrikste motiveerder wat kinders boeke laat kies. Meer as 80 persent van die respondente sal 'n boek 'baie' of 'soms' kies as hulle van die omslag hou. Ouers in naas omslae die heel belangrikste faktor in boekseleksie. Kinders, veral die jongeres, lees omdat hulle ouers vir hulle boeke koop. Die rol wat die ouers speel in die verskaffing van boeke en hulle gevolglike rol in die kinders se seleksie van boeke en leesgedrag neem egter af met ouderdom. Baie respondente se boekkeuses word dan deur die skool bepaal. Lees vir skoolwerk is gevolglik die heel belangrikste rede waarom lesers in Groep C boeke lees, hoewel ten spyte daarvan dat die invloed van onderwysers as motiveerders verminder. Ouer kinders lees dus waarskynlik hoofsaaklik uit plig.

### 4.4.3 Boekseleksie: interne motiveerders

Daar is baie min respondente wat doelgerig boeke soek om te lees. Dit kom ooreen met studies in ander lande. Boeke kompeteer met ander multi-mediaprodukte om kinders se vrye tyd. Ontspanning bly die belangrikste rede waarom die wat nog lees, lees. 'n Boek is nie 'n 'desired' item nie. Die meeste kinders lees net boeke as daar tuis en by die skool boeke beskikbaar is. As boeke nie beskikbaar is nie, sal kinders nie lees nie.

### 4.4.4 Bron van boeke

Leen is die enigste konstante bron waar respondente 'baie' boeke kry. Daarnaas is die biblioteek steeds een van die grootste bronne van boeke vir kinders. Hierdie bevinding moet oorweeg word saam met die afname van

fondse vir boekaankope by biblioteke asook die inkorting van mediasentrums by skole.

### 4.4.5 Leesvoorkeure: teksinterne kenmerke

Kinders hou van boeke wat snaaks, spannend en ryk aan gebeure is. Volgens die bevindings in hierdie studie neem die behoefte aan ’n gelukkige einde af soos wat kinders ouer word. Dit lyk verder of die tradisionele verskille tussen boeke vir seuns en meisies besig is om te verander. Ten einde blyk dit dat respondente daarvan hou om iets (maar beslis indirek) uit boeke te leer.

### 4.4.6 Leesvoorkeure: taalgebruik

Daar is min twyfel dat praattaal verkies word deur die meeste respondente. Die voorkeur vir suiwer Afrikaans neem af met ouderdom. Daar bestaan ’n matige toleransie vir die gebruik van vloekwoorde wat groter word soos wat die kinders ouer word en die invloed van opvoeders minder word.

### 4.4.7 Leesvoorkeure: hoofkarakter

Die feit dat al drie die ouderdomsgroep aandui dat hulle dit meesal ‘altyd’ verkies dat die hoofkarakter een van ’n groep maats moet wees, sluit aan by die belangrike rol wat verhale oor vriendskap speel. Ten spyte van die respondente se aanduiding dat hulle nie van wetenskapfiksie hou nie, lyk dit asof hulle gemaklik met fantasiekarakters is. Hierdie aspek behoort verder ondersoek te word. Dat grootmense vir ouer respondente aanvaarbaar is as hoofkarakters, is waarskynlik ’n statistiese bewys vir die aanname dat kinders in die hoërskool graag volwassene boek lees.

## Ten slotte

Die bevindings van hierdie studie is nie gerusstellend nie. Die negatiewe houding van Afrikaanse kinders jeens lees, kan waarskynlik herlei word tot die feit dat Afrikaanse ouers ook nie lesers en boekkopers is nie. Dit, tesame met die verval van openbare biblioteke (veral ten opsigte van die aankoop van nuwe Afrikaanse boeke) en die afname in die aantal en kwaliteit van skole se mediasentrums, bring die kwessie van die beskikbaarheid van gepaste boeke na vore.

Aan die positiewe kant is die aanduidings dat seuns waarskynlik nie so negatief teenoor lees ingestel is as wat algemeen aanvaar word nie. Vir die Afrikaanse boekbedryf is die bevinding dat Afrikaanstalige kinders, ten spyte van heersende persepsies dat Afrikaanse kinders eerder Engels lees, waarskynlik positiewe nuus.

Nietemin lyk dit asof opvoeders nie besef dat lees die kernvaardigheid van kinders se latere prestasies is nie. Alle rolspelers wat belang by die kind en die gedrukte media het, behoort die bevindinge van hierdie studie dringend op die agenda te plaas.

## Note

1. In Pelrus Laerskool is daar leerders van graad 1 tot 9.

## Verwysings

Ghesquiere, R. 1992. *Leesbeesten en kijkcijfers.* Appeldoorn: Averbode.

Joubert, M. M. 2002. Die leesbelangstellings en leesgewoontes van Afrikaanssprekende tienderjariges in Pretoria. Ongepubliseerde Meestersverhandeling. Pretoria: Unisa.

Matchet, M. P., Olën, S. and Chamberlain, A. 2001. Young people's reading in South Africa: a pilot project. Unpublished research report. Pretoria: Unisa

Haslett, D. 2002. *What's the story? The reading choices of young people in Ireland.* Dublin: Children's books Ireland.